CANNON, J.A. & ARNOLD, M.J. (1998). Student expectations of collegiate internship programs in business: a 10-year update. *Journal of Education for Business*, 73(4): 202-205.

CUNEEN, J. (2004). Adding rigor to the Sport Management internship. *Journal of Physical Education, Recreation & Dance*, 75(1): 20-27.

CUNEEN, J. & SIDWELL, M.J. (2007). Differences on the job for female and male sport management interns. *Sport Management Education Journal*, 1: 1-17.

DHURUP, M.; SINGH, P.C. & SURUJLAL, J. (2006). Customer service quality at commercial health and fitness centres. *South African Journal for Research in Sport, Physical Education and Recreation*, 28(2): 39-54.

DIAS, R. & POSEL, D. (2006). Unemployment, education and skills constraints in post-apartheid South Africa. Unpublished paper presented at the Development Policy Research Unit (DPRU) Conference, Johannesburg, South Africa, 18-20 October.

DODGE, R.B. & McKEOUGH, M. (2003). Internship and the Nova Scotia Government experience. *Education & Training*, 45(1): 45-55.

DOMASK, J.J. (2007). Achieving goals in higher education: an experiential approach to sustainability studies. *International Journal of Sustainability in Higher Education*, 8(1): 53-68.

EDWARDS, L. (2001). Globalisation and the skill bias of occupational employment in SA. *South African Journal of Economics*, 69(1): 40-71.

GARAVAN, T. & MURPHY, C. (2001). The co-operative education process and organizational socialization: a qualitative study of student perceptions of its effectiveness. *Education & Training*, 43(6): 281-302.

GILLESPIE, M.A.; DEREVENSKY, J. & GUPTA, R. (2007). Adolescent problem gambling: developing a gambling expectancy instrument. *Journal of Gambling Issues*, 19: 51-68.

GREENHAUS, J.H.; CALLANAN, G.A. & GODSHALK, V.M. (2000). *Career Management* (3rd ed.). Orlando, FL: Dryden Press.

HARRIS, K.J. & ZHAO, J. (2004). Industry internships: feedback from participating faculty and industry executives. *International Journal of Contemporary Hospitality Management*, 16(1): 429-435.

HARVEY. L. (2000). New realities: the relationship between higher education and employment. *Tertiary Education and Management*, 6: 3-17.

HILTEBEITEL, K.M.; LEAUBY.; B.A. & LARKIN, J.M. (2000). Job satisfaction among entry level accountants. *The CPA Journal*, 75(5): 76-78.

HODGSON, P. (1999). Making internships well worth the work. *Techniques: Making education and career connections*, 74: 38-39.

JASCHINSKI, J. & DE VILLIERS, M.R. (2008). Factors influencing the development of practical skills of interns working in regional hospitals of the Western Cape Province of South Africa. *South African Family Practice Journal*, 50(1): 70-70d.

JONES, E. (2006). Internships: previewing a profession. *Occupational Outlook Quarterly*, 50(2): 16-18.

KANYE, B. & CROUS, F. (2007). Graduate interns' experiences: a career success orientations approach. *SA Journal of Industrial Psychology*, 33(3): 84-93.

KNEMEYER, A.M. & MURPHY, P.R. (2001). Logistics internships: employer and student perspectives. *International Journal of Physical Distribution & Logistics Management*, 32(2): 135-152.

KNOUSE, S.B.; TANNER, J.T. & HARRIS, E.W. (1999). The relation of college internships, college performance, and subsequent job opportunity. *Journal of Employment Counseling*, 36(1): 35-43.

LAM, T. & CHING, L. (2007). An exploratory study of an internship program: the case of Hong Kong students. *International Journal of Hospitality Management*, 26(2): 336-351.

LEBERMAN, S.I. & MARTIN, A.J. (2004). Enhancing transfer through structured post-course reflection. *The Journal of Adventure Education and Outdoor Learning*, 4(2): 173-184.

MARTIN, A. & LEBERMAN, S. (2005). Keeping up with the play: practicum, partnership and practice. *Asia-Pacific Journal of Cooperative Education*, 6(1): 17-25.

MASKOOKI, K.; RAMA, D.V. & RAGHUNANDAN, K. (1998). Internships in undergraduate finance programs. *Financial Practice & Education*, 20(2): 94-102.

McMAHON, U. & QUINN, U. (1995). Maximizing the hospitality management student work placement experience: a case study. *Education & Training*, 37(4): 13-17.

MIHAIL, D.M. (2006). Internships at Greek universities: an exploratory study. *Journal of Workplace Learning*, 18(1): 28-41.

MOORMAN, A.M. (2004). Legal issues and the supervised internship relationship. Who is responsible for what? *Journal of Physical Education, Recreation & Dance*, 75(2): 19-24.

NUNNALLY, J.C. & BERNSTEIN, I.H. (1994). *Psychometric theory* (3rd ed.). New York, NY: McGraw-Hill.

O'SHEA, M. & WATSON, G. (2007). Academic learning for sport management students: learning through engaged practice. *Asia-Pacific Journal of Cooperative Education*. 8(1): 53-65.

PAPADIMITRIOU, D.A. & KARTEROLIOTIS, K. (2000). The service quality expectations in private sport and fitness centres: a re-examination of factor structure. *Sport Marketing Quarterly*, 9(3):15-27.

PARKHOUSE, B.L. (1987). Sport management curricula: current status and design implications for future development. *Journal of Sport Management*, 1: 93-115.

PARKS, J.B. (1991). Employment status of alumni of an undergraduate sport management program. *Journal of Sport Management*, 5(2): 100-110.

PATTON, M.Q. (1990). *Qualitative evaluation and research methods* (2nd ed.). Newbury Park, CA: Sage Publications.

PAULINE, G. & PAULINE, J. (2008). Experiential learning: collaboration of a sport management program, athletic department, and a corporate sponsor. Unpublished paper presented at the 2008 North American Society for Sport Management Conference (NASSM 2008), Toronto, Canada, May 28-31.

PAUW, K.; BHORAT, H.; GOGA, S.; NCUBE, L.; OOSTHUIZEN, M & VAN DER WESTHUIZEN, C. (2006a). Graduate unemployment in the context of skills shortages, education and training: Findings from a firm survey. Available at [http://www.commerce.uct.ac.za/Research_Units/DPRU/..._Files/WP_06-115.pdf]. Accessed on 2009/10/30.

PAUW, K.; OOSTHUIZEN, M. & VAN DER WESTHUIZEN, C. (2006b). Graduate unemployment in the face of skills shortages: A labour market paradox. Unpublished paper presented at the Development Policy Research Unit (DPRU) Conference Johannesburg, South Africa, 18-20 October.

RICHARDS, E.W. (1984). Undergraduate preparation and early career outcomes: a study of recent college graduates. *Journal of Vocational Behaviour*, 24: 279-304.

SCHULTZ, T.P. & MWABU, G. (1998). Labor unions and the distribution of wages and employment in South Africa. *Industrial and Labor Relations Review*, 51(4): 680-703.

SHARMA, L.; MANNELL, R. & ROWE, P. (1995). The relationship between education-related work experiences and career expectations. *Journal of Cooperative Education*, 30(3): 39-47.

SULLIVAN. J. (2007). Internships: recruiting the very best college interns. Available at [http://www.ere.net/2007/10/08/internships-recruiting-the-very-best-college-interns/]. Accessed on 2009/10/30.

TABACHNICK, B.G. & FIDEL, L.S. (2001). *Using multivariate statistics* (4th ed.). New York, NY: Harper Collins College Publishers.

TAYLOR, M.S. (1988). Effects of college internships on individual participants. *Journal of Applied Psychology*, 73(3): 393-401.

TON, M.N. & HANSEN, J.C. (2001). Using a person-environment fit framework to predict satisfaction and motivation in work and marital roles. *Journal of Career Assessment*, 9: 315-331.

TZINER, A.; MEIR, E.I. & SEGAL, H. (2002). Occupational congruence and personal task-related attributes: how do they relate to work performance. *Journal of Career Assessment*, 10: 410-412.

UMSOBOMVU YOUTH FUND (2007). Umsobomvu Youth Fund helps graduates secure jobs. Available at [http://www.youthportal.org.za/ur/GDPLAUNCH2.pdf]. Accessed on 2009/10/30.

VERNER, M.E.; KEYSER, B.B. & MORROW, M.J. (2001). Experiential learning through field experiences: internship and practica. In B.L. Parkhouse (Ed.), *The management of sport: Its foundation and application* (30-53). New York, NY: McGraw-Hill.

WARYSZAK, R.Z. (1999). Students' expectations from their cooperative placements in the hospitality industry: an international perspective. *Education & Training*, 41(1): 33-40.

WILLIAMS, J. (2004). Sport management internships: agency perspectives, expectations and concerns. *Journal of Physical Education, Recreation and Dance*, 75(2): 30-33.

WILLIAMS, W.M.; STERNBERG, R.J.; RASHOTTE, C.A. & WAGNER, R.K. (1993). Assessing the value of cooperative education. *The Journal of Cooperative Education*, 28(2): 32-55.

YOUNG, D.S. & BAKER, R.E. (2004). Linking classroom theory to professional practice: the internship as a practical learning experience worthy of academic credit. *Journal for Physical Education, Recreation and Dance*, 75(1): 22-24.

ZOPEDOL (2007). Launch of the Further Education and Training Colleges. Available at [http://www.labour.gov.za]. Accessed on 2009/10/30.

Prof J. Surujlal: Research Professor, Faculty of Management Sciences, Vaal University of Technology, Private Bag X021, Vanderbijlpark 1900, Republic of South Africa. Tel.: +27 (0)16 950 9620 (w), +27 (0)16 932 1204 (h), Fax.: +27 866128627, E-mail: babs@vut.ac.za

(Subject editor: Dr. S. Khoo)

South African Journal for Research in Sport, Physical Education and Recreation, 2010, 32(2): 131-144.
Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Navorsing in Sport, Liggaamlike Opvoedkunde en Ontspanning, 2010, 32(2): 131-144.
ISSN: 0379-9069

DIE FISIEKE EN MOTORIESE ONTWIKKELING VAN VOORSKOOLSE KINDERS VANUIT VERSKILLENDE SOSIO-EKONOMIESE OMSTANDIGHEDE: THUSANO-STUDIE

Pieter L. UYS & Anita E. PIENAAR
Skool vir Biokinetika, Rekreasie en Sportwetenskap, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom, Republiek van Suid-Afrika

ABSTRACT

Literature indicates a negative impact of socio-economic circumstances on gross and fine motor development of children. The aim of this study was to analyse the possible differences between physical and motor development of pre-school children within poor and higher socio-economic status (SES). A group of 67 children between four months and 71 months were identified according to a random stratified sample of 50 families from a poor socio-economic background and were evaluated using measurements of height, weight and skinfolds (triceps, subscapular and calf). The Peabody Developmental Motor Scales - 2 (PDMS-2) was used to determine motor developmental status. The same procedure was followed with a group of 34 pre-school children (age = 48-73 months) from higher socio-economic status. Co-variance of analysis, adjusted for age, showed that children from higher SES performed predominantly better regarding some motor skills compared to the children from poor SES. Statistical and practical significant differences ($p \leq 0.05$, $Eta^2 > 0.01$) that were found indicated poorer development in the poor SES group regarding their locomotor, visual motor and fine motor standard scores, percentiles and gradings, and regarding their gross motor quotient, although the results indicated that the gross motor development of children living in higher SES also needs attention. The balance and object control of the low SES group were however better ($p<0.05$, $Eta^2 > 0.01$) compared to the high SES group. These results substantiate that the motor development of children living in poor socio-economic conditions are hampered by their environment, and that they should receive additional attention to prevent deficiencies in this regard.

Key words: *Pre-school children; Fine motor; Gross motor; Socio-economic status; Physical development.*

INLEIDING

Menslike ontwikkeling word beskryf as ’n voortdurende proses van verandering wat by bevrugting begin en eers met die dood eindig (Winnick, 2000). Motoriese ontwikkeling verwys na progressiewe veranderinge in bewegingsgedrag regdeur die lewensiklus, wat voortdurende aanpassing ten opsigte van veranderinge in ’n persoon se bewegingsvermoëns behels in ’n poging om motoriese kontrole en bewegingsbevoegdheid te verkry en te behou (Pienaar, 2009).

Lejarraga *et al.* (2002) dui aan dat die omgewing waarin kinders grootword 'n betekenisvolle rol in die motoriese ontwikkeling van kinders speel en dat die effek groter word soos wat kinders ouer word en meer aan die omgewing blootgestel word. Navorsing toon in dié verband dat minderbevoorregte kinders ontwikkelingsagterstande ten opsigte van fundamentele vaardighede ondervind (Goodway & Branta, 2003) en dat hulle minder aan verskillende verbale en taalkonsepte blootgestel word (McPhillips & Sheehy, 2004). Ausebel se navorsing (soos aangehaal deur Richmond & Aliotti, 1977) toon verder dat sodanige kinders ook 'n agterstand in hul skoolloopbaan ten opsigte van perseptueel-motoriese take toon wanneer hulle met hulle ouderdomsgroep vergelyk word. Robinson en Goodway (2009) se studie rapporteer dat die swak omstandighede waaraan kinders vanuit minderbevoorregte gemeenskappe in hulle studie blootgestel was, tot swak motoriese behendigheid bygedra het, en dat hierdie kinders gevolglik as risiko kandidate vir ontwikkelingsagterstande en gesondheidsprobleme beskou word. Illingworth (1983) is voorts van mening dat kinders uit arm omgewings minder aan visuele stimulering blootgestel word. Richmond en Aliotti (1977) se navorsing bevestig dat bevoorregte kinders beter vaar in die uitvoer van perseptueel-motoriese take as minderbevoorregte kinders, terwyl Kattouf en Steele (2000) en Richmond en Norton (1973) 'n verband tussen lae sosio-ekonomiese status en visueel-perseptuele agterstande bevestig. In 'n studie uitgevoer deur Bowman en Wallace (1990) het kinders uit goeie sosio-ekonomiese omstandighede ook beter punte met betrekking tot visueel-motoriese integrasie verkry wanneer hulle vergelyk word met kinders uit swak sosio-ekonomiese omstandighede. Solan en Mozlin (1997) meen ook dat kinders wat in armoedige omstandighede woon, visuele probleme ontwikkel as gevolg van die faktore wat met armoede gepaard gaan, terwyl Orfield (2001) aantoon dat kinders in armoedige omstandighede 'n hoë vlak van funksionele visuele probleme ondervind wat 'n struikelblok vir akademiese sukses kan wees. In 'n studie deur Walker *et al.* (2007) oor kinderontwikkeling in ontwikkelende lande toon die resultate dat daar in sommige lande 40-50% van kinders onder die ouderdom van vyf jaar is wie se groei belemmer is.

Literatuur ten opsigte van voorskoolse kinders se motoriese ontwikkeling, asook die verband tussen motoriese en fisieke ontwikkeling van kinders wat binne swak sosio-ekonomiese omstandighede grootword, is egter beperk. In 'n land soos Suid-Afrika waar die groter meerderheid van kinders uit swak sosio-ekonomiese status (SES) kom is dit van kardinale belang dat daar navorsing gedoen word oor die invloed wat hierdie omstandighede op die ontwikkelende kind uitoefen. Die doel van hierdie studie is derhalwe om die fisieke en motoriese ontwikkeling van voorskoolse kinders binne swak sosio-ekonomiese omstandighede te ontleed en dit te vergelyk met soortgelyke ontwikkeling by kinders vanuit hoër sosio-ekonomiese omstandighede.

METODE

Navorsingsontwerp

Die studie maak deel uit van die Thusano-projek waarin 300 gesinne in die Kuruman-distrik finansieël deur die Nelson Mandela Kinderfonds ondersteun word en waarin die kinders deur maatskaplike werkers aan programme, twee keer per week vir 45 minute, blootgestel word om hulle optimaal vir hul skoolloopbaan voor te berei. Die studie is multidissiplinêr van aard

deurdat Kinderkinetici en maatskaplike werkers by die insameling van data betrek is. Hierdie studie is deur die Etiekkomitee van die Noordwes-Universiteit goedgekeur (nr. 04M11).

Ondersoekgroep

Die Statistiese Konsultasiediens van die Noordwes-Universiteit was verantwoordelik vir die samestelling van die steekproef. Wat die proefpersone vanuit die lae SES betref, is 'n ewekansige trossteekproefneming uitgevoer op die 300 huisgesinne wat deel van die Thusano-projek ('n projek vir vroeë kinderontwikkeling) uitmaak en binne die sewe gemeenskappe van die Kuruman-distrik woon. Hiervolgens is 50 huisgesinne, wat elk as 'n eenheid beskou word, ongeag die grootte van die huisgesin, volgens die grootte van die betrokke distrikte ewekansig vir die studie geselekteer. Alle kinders (N = 69) binne die gekose gesinne, vanaf vier tot en met 71 maande, is by die groep ingesluit. Die gemiddelde ouderdom van die groep was 43.28 maande, ± 9.28 maande. Twee kinders in die groep was jonger as 12 maande, maar hulle resultate is buite rekening gelaat aangesien onvolledige inligting oor hulle ingesamel is. Die groep het gevolglik uit 67 proefpersone bestaan. Wat die proefpersone uit die hoë SES betref, is die kinders (N = 34) vanuit twee kleuterskole en uit gesinne met middel- tot hoë sosio-ekonomiese status in die Potchefstroom omgewing geselekteer op grond van die gemiddelde inkomste van die gesin. Die ouderdomme van dié groep het tussen 48 en 73 maande gewissel met 'n gemiddelde ouderdom van 59.18 maande ± 7.86 maande. Die groep het uit 16 seuns en 20 dogters bestaan.

Meetinstrumente en apparatuur

Fisieke metings

Ontwikkelingsinligting met betrekking tot die liggaamsamestelling van die proefpersone is verkry deur van verskillende antropometriese metings, naamlik lengte, massa, velvoue van die triseps, subskapulêr en kuit asook vetpersentasie (seuns = 0.735 x (trisepsvelvou + kuitvelvou) + 1.0, dogters = 0.610 x (trisepsvelvou + kuitvelvou) + 5.1) en LMI (liggaamsmassa in kg/(liggaamslengte m)^2 gebruik te maak (Slaugther *et al*., 1988). Die metings is volgens standaardprosedures geneem, soos deur die "International Society for the Advancement of Kinanthropometry" uiteengesit (ISAK, 2001).

"Peabody Developmental Motor Scales - 2" (PDMS-2)

Die PDMS-2, wat gebruik word om die motoriese ontwikkeling van kinders tussen 0 en 71 maande te bepaal, is deur Folio en Fewell (2000) as 'n betroubare en geldige meetinstrument verklaar. Die toets-hertoetsbetroubaarheidskoëffisiënt is > 0.90, terwyl die interne geldigheid tussen 0.90 en 0.96 wissel. Daar is ook bevind dat die toetsbattery geskik is vir gebruik by enige geslag en ras. Die toets bestaan uit ses subtoetse waaraan elk 'n afsonderlike punt toegeken word. Die punte van die verskillende subtoetse word bymekaar getel om die *grootmotoriese* (reflekse (tot 12 maande) balans, lokomotories en objek-manipulasie (vanaf 12 maande)), *fynmotoriese* (handgreep en visueel-motories) en *totale motoriese ontwikkeling* van die kind te bepaal. Die hoofkomponente van die meetinstrument waarin die kind 'n agterstand toon, kan dus bepaal word. Die toets dui ook 'n ontwikkelingsouderdom vir elke subtoets aan waarmee die chronologiese ouderdom vergelyk kan word om sodoende agterstande in maande te kan bepaal. Die standaardtelling is 'n geskikte aanduiding van die

proefpersoon se uitvoeringsvermoë met betrekking tot elke subtoets. Dié telling, wat vanaf die routelling verwerk word, word gebaseer op 'n normaalverspreiding van tien en 'n standaardafwyking van drie en stel die navorser in staat om vergelykings tussen die verskillende subtoetse te kan tref. Die motoriese kwosiënt word veral gebruik as gevolg van die hoë betroubaarheidsfaktor daarvan en reflekteer die proefpersoon se status met betrekking tot die verskillende motoriese afdelings. Die gradering van al die komponente word soos volg weergegee: (1) Baie swak, kwosiënttelling 35-69; (2) Swak, kwosiënttelling 70-79; (3) Ondergemiddeld, kwosiënttelling 80-89; (4) Gemiddeld, kwosiënttelling 90-110; (5) Bogemiddeld, kwosiënttelling 111-120; (6) Uitstekend, kwosiënttelling 121-130; (7) Superieur, kwosiënttelling 131-165.

PROSEDURE

Navorsingsprosedures

Die proefpersone van die geselekteerde huisgesinne is almal binne een week getoets. Die huisgesinne, wat in sewe distrikte woonagtig is, is binne hulle betrokke areas in 'n sentrale lokaal getoets. Hierdie lokaal was binne bereik van die meeste gesinne en dié wat wel buite loopafstand van die lokaal was, is per bussie na die betrokke gebou vervoer. Alle geselekteerde gesinne het ingeligtetoestemmingsvorms onderteken voordat hul kinders aan die studie deelgeneem het. Slegs kinders binne hierdie huisgesinne wat hul samewerking gegee het, is getoets. Die hulp van omgeewerkers wat met die betrokke gesinne in die Thusano-projek werk en aan die kinders bekend is, is gebruik om die toetse aan die kinders te help verduidelik. Sodoende is verseker dat die kind die toetsinstruksies verstaan, wat insgelyks die geldigheid van die navorsing verhoog. Kinders wat onseker en bang was, is gedurende die toets deur hul moeders vergesel ten einde emosionele implikasies uit te skakel.

Die proefpersone wat in die Potchefstroom-omgewing geselekteer is vir die studie, se ouers is vir ingeligte toestemming gevra en nadat dit verkry is, is hulle binne een week by die kleuterskool wat bygewoon is, getoets.

Statistiese prosedure

Die Statistica-rekenaarverwerkingspakket (Statsoft, 2007) is gebruik om die ingesamelde data te verwerk. Beskrywende statistiek is aan die hand van rekenkundige gemiddeldes ($\overline{X}$), standaardafwykings (sa), asook maksimum en minimum waardes ontleed. 'n Ko-variansie analise is uitgevoer om te korrigeer vir verskille tussen ouderdomme van die proefpersone in die onderskeie groepe om sodoende statistiese betekenisvolle verskille ($p \leq 0.05$) asook praktiese betekenisvolle verskille ($Eta^2 = 0.01$ (klein), $Eta^2 = 0.06$ (medium), $Eta^2 = 0.14$ (groot) tussen die groepe te kon bepaal.

RESULTATE

Uit Tabel 1, wat die resultate met betrekking tot die ontwikkelingsouderdom teenoor die chronologiese ouderdom van die groep, asook hoë en lae SES groepe afsonderlik soos bepaal deur die PDMS-2 meetinstrument ontleed, wil dit voorkom of die groep in die geheel se totale waarde in die swak graderingskategorie geval het met betrekking tot die evaluering van

hulle motoriese ontwikkeling. Hulle uitvoeringsvlak van balansering, objekmanipulasie en visueel-motoriese kontrole was tot so veel as vier maande swakker as wat vir kinders van hulle chronologiese ouderdom verwag word. Die groep het in beide fynmotoriese (handgreep en visueel-motories) en grootmotoriese vaardighede (balans, lokomotories en objekmanipulasie) swak gevaar. Ontwikkelingsverskille van tussen 2.68 en 3.42 maande is by fynmotoriese ontwikkeling gevind, terwyl verskille van tussen 1.89 en 4.72 maande by grootmotoriese ontwikkeling voorgekom het.

TABEL 1: **BESKRYWENDE STATISTIEK MET BETREKKING TOT MOTORIESE ONTWIKKELING**

	Groep (N=101)			**Hoë SES (n=34)**			**Lae SES (n=67)**		
	CO	**OO**	**Verskil**	**CO**	**OO**	**Verskil**	**CO**	**OO**	**Verskil**
Grootmotories	$\overline{X}$	$\overline{X}$		$\overline{X}$	$\overline{X}$		$\overline{X}$	$\overline{X}$	
Balans	48.63	44.90	-3.73	59.18	54.30	-4.88	43.28	39.69	-3.59
Lokomotories	48.63	46.74	-1.89	59.18	58.17	-1.01	43.28	40.39	-2.89
Objek M	48.63	43.91	-4.72	59.18	47.93	-11.25	43.28	41.50	-1.78
Fynmotories									
Handgreep	48.63	45.21	-3.42	59.18	57.73	-1.45	43.28	38.38	-4.90
Visueel-M	48.63	45.95	-2.68	59.18	58.60	-0.58	43.28	38.93	-4.35

* $p < 0.05$, CO = chronologiese ouderdom in maande; OO = ontwikkelingsouderdom in maande; Objek-M = objek-manipulasie; Visueel-M = visueel-motories

Dit blyk verder uit Tabel 1 dat die hoë SES groep (n = 34) swakker as die lae SES groep (N = 67) in die uitvoering van twee van die grootmotoriese komponente, naamlik balans en objekmanipulasie gevaar het. Die hoë SES groep se ontwikkeling was verder tussen 1.01 en 11.25 maande swakker as hulle chronologiese ouderdom, terwyl dit by die lae SES groep tussen 1.78 en 3.59 maande is. Die lae SES groep se ontwikkelingsverskille met betrekking tot fynmotoriese vaardighede is egter groter as dié van die hoë SES groep en wissel tussen 4.35 en 4.90 maande ten opsigte van hulle chronologiese ouderdom, terwyl dit by die hoë SES groep tussen 0.58 en 1.45 wissel. Geen betekenisvolle verskille is egter deur middel van t-toetsing ($p \leq 0.05$) tussen die twee groepe se chronologiese en ontwikkelingsouderdom gevind wanneer die bogenoemde resultate met mekaar vergelyk word nie.

Tabel 2 beskryf die liggaamsamestelling van die proefpersone. Dié resultate dui aan dat die lae SES groep minder weeg ($\overline{X}$ = 12.87) en korter ($\overline{X}$ = 0.94) is as die hoë SES groep, maar ook dat die groep jonger ($\overline{X}$ = 43.28 maande), as die ander groep ($\overline{X}$ = 59.18 maande) was wat as 'n moontlike rede vir die laer vetpersentasie ($\overline{X}$ = 13.59) en LMI ($\overline{X}$ =14.91) van dié groep aangevoer kan word.

TABEL 2: **FISIEKE EIENSKAPPE VAN KINDERS IN HOË EN LAE SES**

	Groep (N=101)			**Lae SES (n=67)**			**Hoë SES (n=34)**		
	N	$\overline{X}$	sa	N	$\overline{X}$	sa	N	$\overline{X}$	sa
Ouderdom	101	48.63	17.97	67	43.28	19.28	34	59.18	7.86
Massa	100	14.76	3.74	65	12.87	2.79	35	18.27	2.54
Lengte	99	0.99	0.13	64	0.94	0.13	35	1.09	0.06
Vet%	94	14.52	2.89	62	13.59	2.40	32	16.33	2.93
LMI	98	15.07	2.25	63	14.91	2.67	35	15.35	1.15

Wanneer dié waardes egter beoordeel word aan die hand van persentielskale volgens die gemiddelde ouderdom van die onderskeie groepe kan egter gesien word dat die kinders uit die lae SES groep op ongeveer die vyfde persentiel vir lengte en massa val vergeleke met kinders vanuit hoë SES wat gemiddeld op die 50ste persentiel val (Gallahue & Ozmun, 1995).

Tabel 3 verskaf die groottotale, standaardtellings, persentiele en graderings van al die onderskeie subkomponente van die PDMS-2, asook die betekenisvolheid van verskille tussen kinders vanuit hoë en lae sosio-ekonomiese omstandighede. Uit die graderingskaal wat in die tabel aangedui word, blyk dit dat die groep (lae en hoë SES) in die geheel ondergemiddeld tot gemiddeld in al die komponente van die toets gevaar het. Volgens die ontleding van die standaardtellings en graderings het die groep ’n grensgemiddeld (tussen swak en gemiddeld) vir al die onderskeie subkomponente verkry, waar hulle die swakste in objekmanipulasie en die beste in lokomotoriese vaardighede getoets het. Die persentiele vir die onderskeie subkomponente is 37.81 vir balans, 38.73 vir lokomotories en 30.20 vir objekmanipulasie, terwyl die persentiele vir handgreep 39.82 en visueel-motories 38.54 is.

TABEL 3: **BESKRYWENDE STATISTIEK MET BETREKKING TOT MOTORIESE ONTWIKKELING EN BETEKENISVOLHEID VAN VERSKILLE IN SES IN DIE GROEPE**

	$\overline{X}$	**sa**	**Min**	**Maks**	$\overline{X}$	**sa**	**Min**	**Maks**	$\overline{X}$	**sa**	**Min**	**Maks**
Grootmotories												
Balans – standaard	8.87	2.21	2	15	8.89	2.07	5	15	8.83	2.46	2	13
Balans – persentiel	37.81	23.01	1	95	37.15	22.53	5	95	39.0	24.21	1	84
Balans – gradering	2.74	0.66	1	5	2.81	0.65	1	5	2.60	0.67	1	4
Lokomotories – standaard	8.95	2.22	5	14	8.44	2.04	5	13	9.87	2.26	6	14
Lokomotories – persentiel	38.73	24.03	5	91	33.20	21.88	5	84	48.67	24.88	9	91
Lokomotories – gradering	2.79	0.64	1	4	2.67	0.61	1	4	3.00	0.64	2	4
Objek-manipulasie -												

	$\overline{X}$	sa	Min	Maks	$\overline{X}$	sa	Min	Maks	$\overline{X}$	sa	Min	Maks
Grootmotories												
Standaard	8.23	1.76	5	13	8.60	1.84	5	13	7.60	1.43	5	11
Objek-manipu-lasie – persentiel	30.20	19.16	5	84	34.30	20.40	5	84	23.37	14.82	5	63
Objek-manipu-lasie –gradering	2.55	0.57	1	4	2.68	0.55	1	4	2.33	0.55	1	3
Grootmotories – standaard	26.01	4.10	16	35	25.85	4.13	16	35	26.30	4.10	18	35
Grootmotories – kwosiënt	93.15	14.39	61	127	89.56	12.55	67	115	99.40	15.41	61	127
Grootmotories – persentiel	31.10	18.44	2	77	30.28	18.40	2	77	32.53	18.75	4	77
Grootmotories – gradering	2.46	0.70	1	4	2.38	0.71	1	4	2.6	0.67	1	4
Fynmotories												
Handgreep – standaard	8.78	2.85	1	15	8.42	2.90	1	15	9.43	2.66	2	12
Handgreep – persentiel	39.82	25.84	1	95	35.84	25.98	1	95	47.13	24.31	1	75
Handgreep – gradering	2.60	0.83	1	5	2.53	0.92	1	5	2.73	0.64	1	3
Visueel-motories – standaard	8.94	2.88	1	17	8.15	2.29	4	15	10.37	3.30	1	17
Visueel-motories – persentiel	38.54	27.69	1	99	30.06	22.96	2	95	53.80	29.26	1	99
Visueel-motories – gradering	2.77	0.87	1	5	2.57	0.77	1	5	3.13	0.94	1	5
Fynmotories – standaard	17.71	4.74	7	29	16.56	4.11	9	25	19.80	5.14	7	29
Fynmotories – kwosiënt	91.27	8.80	70	111	90.78	8.88	70	111	92.10	8.76	74	111
Fynmotories – persentiel	37.56	27.45	1	97	29.89	23.23	1	84	51.36	29.39	1	97
Fynmotories – gradering	2.51	0.98	1	5	2.30	0.94	1	4	2.90	0.92	1	5
Totale motories – standaard	43.74	7.68	27	60	42.35	7.40	27	58	46.10	7.70	30	60
Totale motories – kwosiënt	91.19	10.63	68	113	89.14	10.30	68	111	94.53	10.49	73	113
Totale motories – persentiel	31.93	21.46	1	81	27.84	20.30	1	77	38.87	21.89	3	81
Totale motories – gradering	2.41	0.80	1	4	2.27	0.80	1	4	2.63	0.87 0.76	1	4

Wat die groot-, fyn- en totale motoriese komponente betref, dui die graderings en kwosiënte van die komponente aan dat die groep grensgemiddelde waardes in al hierdie komponente behaal het. Die persentiele dui egter aan dat die groep ondergemiddeld ten opsigte van die bogenoemde komponente gevaar het. Die groep lê op die 31.10ste persentiel vir grootmotoriese vaardighede, op die 37.56ste persentiel vir fynmotoriese vaardighede en op die 31.93ste persentiel vir algehele motoriese vaardighede.

Dit blyk verder dat die lae SES kinders oor die algemeen swakker as die hoë SES kinders gevaar het wanneer die twee groepe afsonderlik ontleed word, behalwe in die geval van die subkomponente balans en objekmanipulasie waar die hoë SES kinders se standaardtellings vir hierdie twee subkomponente onderskeidelik 8.83 en 7.60 was teenoor die lae SES kinders se standaardtellings van 8.89 en 8.60. Ten opsigte van die persentiele kan waargeneem word dat die lae SES groep slegs in een subkomponent, objekmanipulasie, beter as die hoë SES groep gevaar het met die tellings onderskeidelik 34.30 en 23.37. In al die ander subskale wat getoets is, is die standaardtellings en persentiele beter in die hoë SES kinders teenoor die lae SES kinders.

Met betrekking tot die totale grootmotoriese persentiele van die twee groepe, lê die lae SES kinders op die 30.28 persentiel terwyl die hoë SES kinders op die 32.53 persentiel lê. Die lae SES kinders lê verder onderskeidelik op die 29.89 en 27.84 persentiel vir fyn- en algehele motoriese vaardighede, terwyl die hoë SES kinders onderskeidelik op die 51.36 en 38.87 persentiel lê.

Die lae SES kinders se kwosiënte vir fynmotoriese ontwikkeling is 90.78, vir grootmotoriese ontwikkeling 89.56 en vir algehele motoriese ontwikkeling 89.14, teenoor dié waardes by die hoë SES kinders wat onderskeidelik 92.10, 99.40 en 94.53 is, wat beteken dat die hoë SES groep volgens die graderingskaal ‘n gemiddelde gradering behaal het en ook beter as die lae SES groep gevaar het in al drie totale. Die lae SES groep het ‘n ondergemiddelde gradering in al drie subskale behaal.

Tabel 4 dui die waardes van ’n kovariansie-analise aan waar daar vir ouderdom gekorrigeer is omdat daar ’n redelike ouderdomsverskil tussen die twee SES groepe was (hoë SES, $\overline{X}$ = 59.18, lae SES $\overline{X}$ = 43.26). Aangepaste gemiddelde waardes is gevolglik vir elke groep bereken en hierdie verskille is met betrekking tot betekenisvolheid vergelyk.

Dié resultate toon dat die verskil in ouderdom tussen die twee groepe wel ’n invloed op twee van die subkomponente sowel as die groot motoriese kwosiënt van die grootmotoriese skaal uitgeoefen het. Die persentiel vir die lokomotoriese standaard ($p = 0.01$, $Eta^2 = 0.08$) die lokomotoriese persentiel ($p = 0.01$, $Eta^2 = 0.08$) asook die grootmotoriese kwosiënt ($p=0.01$, $Eta^2 = 0.09$) het verskille tussen die groepe opgelewer. In al hierdie gevalle het die hoë SES groep betekenisvol beter gevaar. Die standaardtellings vir objekmanipulasie ($p = 0.04$, $Eta^2 = 0.05$), die persentiele vir objekmanipulasie ($p = 0.04$, $Eta^2 = 0.05$), asook die gradering van objekmanipulasie ($p = 0.01$, $Eta^2 = 0.08$) sowel as die persentiel vir balans ($p = 0.04$, $Eta^2 = 0.05$), het ook betekenisvol verskil, maar hier het die lae SES groep betekenisvol beter gevaar.

Betekenisvolle verskille is ook tussen die lae SES en hoë SES groep gevind wat betref verskeie fynmotoriese subkomponente wanneer vir ouderdom gekorrigeer is. Die visueel-motoriese standaardtelling ($p = 0.00$, $Eta^2 = 0.12$), visueel-motoriese persentiel ($p = 0.00$, $Eta^2 = 0.15$) en visueel-motoriese gradering ($p = 0.01$, $Eta^2 = 0.08$ asook die fynmotoriese standaard ($p = 0.01$, $Eta^2 = 0.09$), persentiel ($p = 0.01$, $Eta^2 = 0.11$ en gradering ($p = 0.02$, $Eta^2 = 0.07$) het betekenisvol tussen die groepe verskil. Die hoë SES groep het hier telkens beter gevaar.

TABEL 4: **GEKORRIGEERDE GEMIDDELDE WAARDES VAN DIE MOTORIESE ONTWIKKELING EN DIE BETEKENISVOLHEID VAN VERSKILLE TUSSEN DIE GROEPE**

	GROEP 1 (Lae SES)			**GROEP 2 (Hoë SES)**			**Praktiese betekenisvolheid**			
Grootmotories	N	$\overline{X}$	sa	N	$\overline{X}$	sa	gvv	F	P	Eta^2
Balans-Standaard	54	8.89	2.07	30	8.83	2.46	1	0.35	0.55	0.00
Balans-persentiel	54	37.15	22.53	30	39.0	25.64	1	4.45	0.04*	0.05
Balans-gradering	54	2.81	0.65	30	2.60	0.64	1	0.70	0.40	0.01
Lokomotories-standaard	54	8.44	2.04	30	9.87	2.26	1	6.60	0.01*	0.08
Lokomotories-persentiel	54	33.20	21.88	30	48.67	24.88	1	7.03	0.01*	0.08
Lokomotories-gradering	54	2.67	0.61	30	3.00	0.64	1	2.23	0.14	0.03
Objek-manipulasie-Standaard	50	8.60	1.84	30	7.60	1.43	1	4.47	0.04*	0.05
Objek-manipulasie-persentiel	50	34.30	20.40	30	23.37	14.82	1	4.41	0.04*	0.05
Objek-manipulasie-gradering	50	2.68	0.55	30	2.33	0.55	1	6.40	0.01*	0.08
Grootmotories- standaard	53	25.85	4.13	30	26.30	4.10	1	0.06	0.81	0.00
Grootmotories- kwosiënt	52	89.56	12.55	30	99.40	15.41	1	7.66	0.01*	0.09
Grootmotories- persentiel	53	30.28	18.40	30	32.53	18.75	1	0.06	0.81	0.00
Grootmotories- gradering	53	2.83	0.71	30	2.60	0.67	1	1.14	0.29	0.01
Fyn Motories										
Handgreep-standaard	55	8.42	2.90	30	9.43	2.66	1	1.90	0.17	0.02
Handgreep-persentiel	55	35.84	25.98	30	47.13	24.31	1	2.84	0.10	0.03
Handgreep-gradering	55	2.53	0.92	30	2.73	0.64	1	1.75	0.19	0.02
Visueel-motories- standaard	54	8.15	2.29	30	10.37	3.30	1	10.80	0.00*	0.12
Visueel-motories- persentiel	54	30.06	22.96	30	53.80	29.26	1	14.23	0.00*	0.15
Visueel-motories- gradering	54	2.57	0.77	30	3.13	0.94	1	6.75	0.01*	0.08
Fyn-motories standaard	53	16.56	4.11	30	19.80	5.14	1	7.97	0.01*	0.09
Fynmotories-kwosiënt	51	90.78	8.88	30	92.10	8.76	1	0.24	0.63	0.00
Fynmotories- persentiel	54	29.89	23.23	30	51.36	29.39	1	10.47	0.00*	0.11
Fynmotories- gradering	54	2.30	0.94	30	2.90	0.92	1	5.92	0.02*	0.07
Totale-motories standaard	51	42.35	7.40	30	46.10	7.70	1	3.28	0.07	0.04
Totale-motoriespersentiel	51	27.84	20.30	30	38.87	21.89	1	3.55	0.06	0.04
Totale-motories-gradering	51	2.27	0.80	30	2.63	0.76	1	2.77	0.10	0.03
Totale-motories-kwosiënt	49	89.14	10.30	30	94.53	10.49	1	3.67	0.06	0.05

gvv= vryheidsgrade; $p < 0.05$ *, $Eta^2 = 0.01$ (klein), $Eta^2 = 0.06$ (medium), $Eta^2 = 0.14$ (groot)

BESPREKING VAN RESULTATE

Hierdie studie het ten doel gehad om die moontlike verskille ten opsigte van motoriese en fisieke ontwikkeling van voorskoolse kinders as ’n groep, maar ook afsonderlik volgens verskille in sosio-ekonomiese omstandighede te ontleed. Die lengte en massa gemiddelde waardes wat in die groepe behaal is, dui daarop dat die kinders vanuit die lae SES groep op ongeveer die vyfde persentiel vir lengte en massa val vergeleke met kinders vanuit hoë SES wat gemiddeld op die 50ste persentiel val (Gallahue & Ozmun, 1995). Hierdie resultate is in ooreenstemming met dié van Walker *et al.* (2007), wat groeibelemmering by kinders in ontwikkelende lande aandui. Hierdie agterstande wat by die kinders vanuit swak sosio-ekonomiese omstandighede gevind is, behoort aandag te kry in die vorm van voedingskemas, en meer navorsing oor die aard van voedingstekorte by hierdie kinders word ook aanbeveel.

Uit die resultate van die studie blyk dit dat die lae SES groep swakker gevaar het wat betref die evaluering van hulle motoriese ontwikkeling vergeleke met die hoë SES groep, ongeag die feit dat hulle wel hulp gekry het deur twee keer per week aan opvoedkundige programme blootgestel word (wat motoriese ontwikkeling ook hanteer) en deur maatskaplike werkers gemonitor word. Hulle uitvoeringsvlak was oorwegend swakker in al die subkomponente, uitgesonder balansering en objekmanipulasie. Die beter waardes wat hulle in hierdie subkomponente behaal het kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat dié kinders nie in so ’n groot mate blootgestel word aan die tegnologiese era nie, en dalk meer gereeld buite speel waar daar ook groter ruimte is om met balle skop- en vangvaardighede te kan uitvoer. Buite omgewings met natuurlike hindernisse waarop kinders kan klim en klouter leen hulle ook meer tot grootspieraktiwiteite wat balans verg en kan verbeter. Die objekmanipulasie van kinders uit hoë SES het veral beduidende ontwikkelingsagterstande getoon (11.25 maande), en kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat hierdie kinders meer binneshuis vertoef.

Die hoë SES groep se ontwikkelingsouderdom toon beter fynmotoriese vaardigheids-ontwikkeling as dié van die lae SES groep. Die groep se visueel-motoriese en fynmotoriese vaardighede was betekenisvol swakker as die van die hoë SES groep. Hierdie resultate stem ooreen met verskeie navorsers se bevindinge (Kattouf & Steele, 2000; Orfield, 2001; Richmond & Norton, 1973) wat ’n verband tussen lae SES en visueel-perseptuele agterstande gevind het. Die agterstande wat binne hierdie groep gevind is kan moontlik toegeskryf word aan die beskikbaarheid van hulpbronne in die kleuterskole van die hoë SES groep en dalk ook verdere stimulasie in dié verband by die huis. Kinders in die beter sosio-ekonomiese omstandighede het meestal beter toegang tot skêre, inkleurpotlode en akademiese leertake as dié vanuit swakker sosio-ekonomiese omstandighede wat moontlik kon lei tot die voorsprong in dié spesifieke area.

Alhoewel die motoriese ontwikkeling van die kinders vanuit lae SES swakker was as die van die hoë SES groep, het beide groepe se motoriese ontwikkeling aandag nodig aangesien hulle onderskeidelik ’n ondergemiddelde en gemiddelde gradering daarvoor ontvang het. Die verskil tussen die ontwikkelingsouderdom en chronologiese ouderdom van die kinders in die hoë SES groep het gewissel van 1.01 tot 11.25 maande laer as hulle chronologiese ouderdom, terwyl hierdie verskille tussen 1.78 and 3.57 maande in die lae SES groep was. Die lae SES groep se ontwikkeling lê onderskeidelik op die 30ste persentiel vir grootmotoriese en op die 29ste persentiel vir fynmotoriese vaardighede, en op die 27ste persentiel vir algehele

motoriese vaardighede teenoor die 32.53, 51.36 en 38.87 van die hoë SES groep onderskeidelik. Hierdie resultate stem ooreen met Goodway en Branta (2003) se navorsing wat aantoon dat minderbevoorregte kinders ontwikkelingsagterstande ten opsigte van fundamentele vaardighede ondervind.

GEVOLGTREKKING

Navorsers beskou die vroeë kinderjare as dié tydperk wanneer fundamentele motoriese vaardighede, wat as die boublokke vir meer gevorderde beweging beskou word, ontwikkel behoort te word (Goodway & Robinson 2006; Robinson & Goodway, 2009). Daar word in die verband aangedui (Clarke, 2007) dat fundamentele motoriese vaardighede die basiese motoriese behendigheid aan ’n kind bied om ten volle te kan funksioneer in die omgewing op kognitiewe, sosiale en motoriese gebied en ook wat fisieke groei betref. Effektiewe beweging is ook nodig vir suksesvolle deelname aan verskeie vorme van sport en fisieke aktiwititeit en word met gesondheid tydens volwassenheid verbind. Daar word verder aangedui dat fundamentele motoriese vaardighede nie van nature goed ontwikkeld is nie, en dat dit soos enige ander vaardighede aangeleer, geoefen en ingeoefen moet word, terwyl die rol van kundige persone wat vir hierdie ontwikkeling by die kind verantwoordelik is, ook beklemtoon word. Die feit dat die kinders in die lae SES omgewing wel blootstelling aan motoriese ontwikkeling gekry het as deel van ‘n algemene program waaraan hulle blootgestel is, maar steeds swakker gevaar het as die kinders uit hoër sosio-ekonomiese omgewings, bevestig die belang van kundige aanbieding tydens hierdie tipe programme. Hierdie studie se resultate is gevolglik belangrik vir onderwysers en opvoeders wat met kinders vanuit lae SES gebiede of areas werk asook vir die Departement van Onderwys, veral in provinsies waar daar groot areas van swak SES gebiede voorkom. Die resultate vestig ook die aandag op die feit dat daar wel verskille tussen die motoriese en fisieke ontwikkeling van kinders vanuit verskillende SES omstandighede is, en dat voorskoolse kinders se motoriese ontwikkeling volgens hierdie verskille aandag moet kry. Só byvoorbeeld kan basiese opleiding aan onderwysers in lae SES gemeenskappe gegee word oor die motoriese ontwikkeling van kinders en watter tipe aktiwiteite gedoen kan word om die verkryging daarvan te bevorder, of te optimaliseer. Die Departement van Onderwys kan voorts aangemoedig word om te begroot vir apparaat vir hierdie kinders wat motoriese en fisieke vaardighede bevorder. Fynmotoriese en visueel-perseptuele vaardighede van kinders uit lae SES moet veral aandag kry, alhoewel al hulle vaardighede ontwikkelingsagterstande toon. Alhoewel kinders uit hoë SES effens beter gevaar het, dui die resultate aan dat hierdie kinders se ontwikkeling ook aandag moet kry, veral hulle grootmotoriese ontwikkeling. Die resultate van hierdie studie moet egter beoordeel word in die lig van die feit dat ’n klein groepie proefpersone gebruik is. Derhalwe word aanbeveel dat soortgelyke navorsing op ’n groter proefgroep gedoen moet word en dat daar meer indringend na die rol wat ras en beter sosio-ekonomiese omstandighede speel, ondersoek ingestel moet word.

BEDANKINGS

Dank aan die Noordwes-Universiteit vir ’n nagraadse en fokusarea-beurs wat die studie moontlik gemaak het. ’n Verdere woord van dank aan al die persone wat by die Thusano-projek betrokke was en met die studie behulpsaam was.

SUMMARY

The physical and motor development of pre-school children in different socio-economic environments : Thusano study

Research findings indicate that poor socio-economic status (SES) has a negative effect on gross and fine motor development of children. The aim of this study was to analyse the possible differences between physical and motor development of pre-school children within poor SES and higher SES. A group of 67 children between four and 71 months were identified according to a random stratified sample of 50 families in the Thusano project with a poor socio-economic status. A group of 34 pre-school children, aged between 48 and 73 months from better socio-economic backgrounds were also used in the study.

The physical development of the group was evaluated using measurements of height, weight and skinfolds (triceps, subscapular and calf). The “Peabody Developmental Motor Scales - 2*”* (PDMS-2) measuring instrument was used to determine the motor developmental status (fine motor, gross motor and overall motor development) of the children.

The results indicated that children from the lower SES group were shorter and weighed less although they were younger than the children from higher SES. Age group percentiles for mass and stature, however, indicate that the mean mass and stature of the poor SES group correspond with the 5th percentile, compared to the high SES group who fell upon the 50th percentile, indicating growth deficiencies in the poor SES group. Regarding the gross and fine motor development of the different groups, the developmental age was firstly compared with chronological age and the results showed that the developmental age of children with higher SES status were between 1.01 and 11.25 months lower than their chronological age, compared to differences which ranged between 1.78 and 3.57 in the lower SES group. The results further indicated that the group (low SES and high SES) fared average to below average in all the components of the test, obtaining the lowest grading in object manipulation and the highest in locomotor abilities. Children from lower SES generally performed worse than those from higher SES except in the subcomponents balance and object manipulation. Because of slight differences in age between the two groups, a co-variance of analysis, adjusted for age differences was computed, which indicated that children from better a better socio-economic environment performed predominantly better regarding most of the motor skills compared to the children growing up in poor socio-economic environments, although the motor development of both groups needs attention. Statistical and practical significant differences ($p \leq 0.05$, $Eta^2 > 0.01$) indicated poorer development in the low SES group regarding their locomotor, visual-motor and fine motor standards, percentiles and gradings and the gross motor quotient. Their balance and object manipulation were, however, better compared to the children in the low SES group. The results found in this study are in

agreement with other research findings (Kattouf & Steele, 2000; Orfield, 2001; Goodway & Branta, 2003). These results substantiate that the motor development of children living in poor socio-economic conditions are hampered by their environment, and that they should receive additional attention to prevent deficits in this regard. The gross motor development of children from higher socio-economic circumstances should, however, also receive attention.

Similar studies using larger samples are recommended to substantiate the findings of this study, while more in-depth analysis should also be made of the influences and relationships that were found in this study in regard to the physical, fine and gross motor development of children.

VERWYSINGS

BOWMAN, O.J. & WALLACE, B.A. (1990). Special issue: sensory integration and praxis tests. *American Journal of Occupational Therapy*, 44(7): 610-621.

CLARK, J.E. (2007). On the problem of motor skill development. *Journal of Physical Education Recreation and Dance*, 78(5): 39-44.

FOLIO, M.R. & FEWELL, R.R. (2000). *Peabody developmental motor scales* (2nd ed.). Austin, TX: PRO-ED.

GALLAHUE, D.L. & OZMUN, J.C. (1995). *Understanding motor development, infants, children, adolescents, adults* (3rd ed.). Madison, WI: WCB Brown & Benchmark.

GOODWAY, J.D. & BRANTA, C.F. (2003). Influence of a motor skill intervention on fundamental motor skill development of disadvantaged preschool children. *Research Quarterly for Exercise and Sport*, (74): 36-46.

GOODWAY, J.D. & ROBINSON, L.E. (2006). Skipping toward an active start: promoting physical activity in preschoolers. *Beyond the Journal: Young Children*, 6: 1-6.

ILLINGWORTH, R.S. (1983). *The development of the infant and young child: normal and abnormal (*8th ed.). New York, NY: Churchill Livingstone.

INTERNATIONAL SOCIETY FOR THE ADVANCEMENT OF KINANTHROPOMETRY (ISAK) (2001). *International standards for anthropometric assessment*. Adelaide: International Society for the Advancement of Kinanthropometry.

KATTOUF, V.M. & STEELE, G.E. (2000). Visual perceptual skills in low income and rural children. *Journal of Optometric Vision Development*, 31(2): 71-75.

LEJARRAGA, H.; PASCUCCI, M.C.; KRUPITZKY, S.; KELMANSKY, D.; BIANCO, A.; MARTINEZ, E.; TIBALDI, F. & CAMERON, A. (2002). Psychomotor development in Argentinean children aged 0-5 years. *Paediatric and Perinatal Epidemiology*, 16: 47-60.

McPHILLIPS, M. & SHEEHY, N. (2004). Prevalence of persistent primary reflexes and motor problems in children with reading difficulties. *Dyslexia: The Journal of British Dyslexia Association*, 10(4): 316-338.

ORFIELD, A. (2001). Vision problems of children in poverty in an urban school clinic: their epidemic numbers, impact on learning and approaches to remediation. *Journal of Optometric Vision Development*, 32: 114-141.

PIENAAR, A.E. (2009). *Motoriese ontwikkeling, groei, motoriese agterstande, die asessering en die intervensie daarvan: 'n handleiding vir nagraadse studente in Kinderkinetika.* Potchefstroom: Xerox Drukkery.

RICHMOND, B.O. & ALIOTTI, N. (1977). Developmental skills of advantaged and disadvantaged children on perceptual tasks. *Psychology in the Schools*, 14(4): 463-466.

RICHMOND, O.B. & NORTON, W.A. (1973). Creative production and developmental age in disadvantaged children. *The Elementary School Journal*, 73: 279-284.

ROBINSON, L.E. & GOODWAY, J.D. (2009). Instructional climates in preschool children who are at-risk. Part 1: Object-control skill development. *Research Querterly*, 80(3): 533-542.

SLAUGHTER, M.H.; LOHMAN, T.G.; BOILEAU, R.A.; HORSWILL, C.A.; STILLMAN, C.J.; VAN LOAN, M.D. & BEMBEN, D.A. (1988). Skinfold equations for estimation of body fatness in children and youths. *Human Biology*, 60: 709-723.

SOLAN, H.A. & MOZLIN, R. (1997). Children in poverty: impact on health, visual development and school failure. *Journal of Optometrists in Vision Development*, 28: 7-25.

STATSOFT (2007). *Statistica for Windows*. *Release 5.5: General conversations and statistics.* Tulsa, OK: Statsoft.

WALKER, S.P.; WACHS, T.D.; GARDNER, J.M.; LOZOFF, B.; WASSERMAN, G.A.; POLLITT, E. & CARTER, J.A. (2007). Child development: risk factors for adverse outcomes in developing countries. *Lancet*, 369: 145-157.

WINNICK, J.P. (2000). *Adapted physical education and sport* (3rd ed.). New York, NY: Human Kinetics.

Prof. Anita E. Pienaar: Skool vir Biokinetika, Rekreasie en Sportwetenskap, Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus), Privaatsak X6001, Potchefstroom 2523, Republiek van Suid-Afrika. Tel: + 27 18 299 1796, Fax: + 27 18 299 1825, E-pos: anita.pienaar@nwu.ac.za

(Vakredakteur: Prof. G. Longhurst)

South African Journal for Research in Sport. Physical Education and Recreation, 2010, 32(2): 145-159.
Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Navorsing in Sport, Liggaamlike Opvoeding en Ontspanning, 2010, 32(2): 145-159.
ISSN: 0379-9069

DIE EFFEK VAN GROEI EN RYPING OP MOTORIESE EN FISIEKE VERMOËNS, ASOOK RUGBYVAARDIGHEDE VAN VROEË-, MIDDEL EN LAAT ONTWIKKELENDE RUGBYSPELERS: 'N LONGITUDINALE ONDERSOEK

Linda VAN DEN BERG* & Anita E. PIENAAR**
**Departement vir Sport, Rekreasie en Tandheelkunde, Tshwane Universiteit van Tegnologie, Pretoria, Republiek van Suid-Afrika*
***Skool vir Biokinetika, Rekreasie en Sportwetenskap, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom, Republiek van Suid-Afrika*

ABSTRACT

The aim of this study was to determine the effect of growth and maturation over a period of three years on the physical and motor abilities and rugby skills of talented young rugby players aged 15 to 18 years. Differences between early developers (ED) (n = 4), average developers (AD) (n = 13) and late developers (LD) (n = 1) were also assessed over the three-year period. Flexibility, leg and back strength, muscle endurance, speed and aerobic endurance were measured using different standardized tests. Differences over the three-year period were analysed within and between groups using descriptive statistics, repeated measurements over time and two-way Analysis of Variance. An analysis adjusting for race and playing position was also performed to evaluate the role of these characteristics in the results. Results indicated no significant differences in physical and motor abilities or rugby skills of players between ages 15 and 18 years, although significant improvement was seen in flexibility and explosive strength of early and average developers. Furthermore race showed an effect on strength measurements (especially leg strength), and player position on leg strength and aerobic endurance, while the effect of late development seems to shrink as boys grow older.

Key words: Early developers; Average developers; Late developers; Motor abilities; Physical abilities; Maturation.

INLEIDING

Kompetisiesport speel 'n belangrike rol in die samelewing (Anderson & Ward, 2002). Dit is algemene praktyk om kinders met dieselfde chronologiese ouderdom in amateursport teen mekaar te laat deelneem. Fisieke vermoëns hou verband met biologiese ryping gedurende die manlike adolessensiefase (Spamer, 2009), en hierdie verband is meer opvallend wanneer seuns van verskillende rypingsgroepe met mekaar vergelyk word (Philippaerts *et al*., 2006). Navorsers (Bloomfield *et al.*, 1994; Malina *et al.* 2004) dui aan dat die tydperk tussen nege en 16 jaar die fase is waartydens die duidelikste variasies sal voorkom in grootte, fisieke liggaamstelling, krag en motoriese prestasie as gevolg van individuele fisieke veranderinge wat met groei gepaard gaan. Volgens literatuur kan seuns met dieselfde chronologiese ouderdom in hierdie tydperk tot soveel as vyf tot ses jaar van mekaar verskil met betrekking

tot biologiese ouderdom (Woodman, 1985; Noakes & Du Plessis, 1996). Literatuur wys daarop dat vroeë ontwikkelende seuns (VO) langer, swaarder en sterker is as laat ontwikkelaars (LO) en sodoende op skoolvlak gewoonlik meer suksesvol in kompetisiesport is, veral in dié sportsoorte waar krag 'n vereiste is (Bloomfield *et al.*, 1994; Docherty, 1996; Kemper *et al.*, 1997; Malina *et al.*, 2004). Dit blyk egter dat dit nie altyd hierdie vroeë ontwikkelaars is wat later as provinsiale of nasionale spelers suksesvol is nie, maar dikwels eerder die laat ontwikkelaar (Abbot & Collins, 2002). Noakes en Du Plessis (1996) skryf hierdie verskynsel toe aan die feit dat vroeë ontwikkelaars op 'n vroeë ouderdom ophou groei. Die aanvanklike kleiner en ligter skoolseuns wat na skool aanhou groei, is gevolglik dié wat dikwels die langer lengtes en groter massas bereik – eienskappe wat belangrik is vir sukses in internasionale rugby (Bloomfield *et al.*, 1994). 'n Speler kan gevolglik op 'n jong ouderdom uitstaan as 'n talentvolle speler as gevolg van vroeë ontwikkeling, maar sal nie noodwendig wanneer alle seuns van sy ouderdom volwasse status bereik het, steeds die beste vertoon nie.

Die doel van hierdie studie is gevolglik om die effek van groei en ryping, oor 'n tydperk van drie jaar (tussen 15 en 18-jarige ouderdom) op die fisieke vermoëns, motoriese vermoëns asook rugbyvaardighede van vroeë, gemiddelde- en laat ontwikkelende talentvolle rugbyspelers afsonderlik te bepaal. Die moontlike verskille in die vermoëns tussen vroeë-, gemiddelde- en laat ontwikkelaars sal ook oor die driejaartydperk ontleed word.

METODE VAN ONDERSOEK

Navorsingsontwerp

Hierdie navorsing is gebaseer op 'n driejaar- longitudinale navorsingsontwerp. Die Etiekkomitee van die Noordwes-Universiteit het die studie goedgekeur (nr. 01M12). 'n Inligtingsbrief wat die doel van die projek verduidelik het, waarna ingeligte toestemming deur die speler / ouer gegee moes word, is vooraf aan elke speler oorhandig. Slegs spelers wat ingestem het of wie se ouers toestemming verleen het, is in die studie ingesluit.

Proefpersone

Seuns uit skole in die Noordwes Provinsie is op 15- of 16-jarige ouderdom deur verskeie rugbykeurders as talentvolle rugbyspelers geïdentifiseer. Hierdie spelers (n=23) is op chronologiese ouderdom van 15-16 jaar geïdentifiseer en is vervolgens vir 'n tydperk van drie jaar blootgestel aan topvlakafrigting ten einde op 18-jarige ouderdom (2005) 'n goed gekondisioneerde span in die provinsie op te lewer. Van die groep spelers (n=23) wat in 2003 geïdentifiseer is, het vyf (n=5) in 2005 nie meer deel uitgemaak van die groep nie. Die mees algemene rede vir die uitval van spelers was beserings gedurende die drie jaar, wat aanleiding gegee het tot onvolledige data. Die oorblywende 18 spelers is oor 'n tydperk van drie jaar heen aan herhaalde metings onderwerp terwyl toetsgeleenthede eenmaal per jaar plaasgevind het. Skeletale sowel as seksuele rypheidstatus, motoriese en fisieke vermoëns asook sportspesifieke en psigologiese vaardighede is tydens hierdie toetsgeleenthede getoets. Die agtien spelers is geklassifiseer as vier vroeë ontwikkelaars (VO), 13 gemiddelde ontwikkelaars (GO) en een laat ontwikkelaar (LO) (sien metode hieronder).

Bepaling van skeletale ouderdom

'n X-straalplaat van die linkerhand-gewrig van elke proefpersoon is een keer per jaar van 2003 tot 2005 geneem. Skeletale ouderdom soos beskryf deur die GP (Greulich-Pyle)-metode (Malina *et al*., 2004) is bepaal deur 'n radioloog en dié evalueerder is vir die volle duur van die studie gebruik. Die uitslag van die x-straalplate is deur die radioloog volgens die GP atlasmetode (gebaseer op halfjaar intervalle) ontleed en die ouderdom wat die meeste daarmee ooreengestem het, is genoteer as die proefpersoon se beenouderdom. Volgens die resultate van die beenouderdom is die groep in vroeë, gemiddelde- en laat ontwikkelaars verdeel. Die proefpersone met 'n beenouderom wat meer as een jaar groter as die chronologiese ouderdom was, is as vroeë ontwikkelaars geklassifiseer, terwyl dié wat met minder as een jaar (groter of kleiner) van die chronologiese ouderdom verskil het, in die gemiddelde-ontwikkelaarsgroep geklassifiseer is. Die proefpersone met 'n beenouderom wat meer as een jaar laer as die chronologiese ouderdom was, is as 'n laat ontwikkelaar geklassifiseer (Malina *et al.*, 2004)

Fisieke evaluering deur standaardtoetse

Fisieke en motoriese vermoëns is geëvalueer. Lengte is genoteer as die meting van die grond af tot by die verteks (Marfell-Jones *et al*., 2006). Massa is geneem op 'n gekalibreerde skaal en genoteer tot die naaste 0.1 kg. Spelers is in onderklere en sonder skoene aan geweeg (Marfell-Jones *et al.*, 2006).

Soepelheid van die hampese spiergroep is geneem deur middel van 'n goniometer. In 'n supinasie-posisie is die aksis van die goniometer op die laterale aspek van die heupgewrig geplaas, met die groter troganter as verwysingspunt. Die statiese arm is op die midlyn van die pelvis geplaas terwyl die bewegingsarm op die laterale midlyn van die femur geplaas is, met die laterale epikondiel as verwysingspunt. Beide bene moet reguit gehou word terwyl een been met 'n slag so ver moontlik deur 'n toetsafnemer na die bors gedruk word (Hayward, 2002).

'n Vertikale en horisontale sprong is gebruik om eksplosiewe krag te bepaal. Tydens die metings van die vertikale sprong is 'n maatlyn (in cm) teenaan 'n muur aangebring. Die proefpersoon staan dan vervolgens met sy regterskouer teenaan die muur en strek sy arm uit sodat 'n reikhoogte aangeteken kan word volgens die punt waar die langste vinger raak. Vervolgens word daar gespring deur van albei bene gebruik te maak asook swaaibewegings van die arms. Die proefpersoon spring so hoog as moontlik en die afstand tussen die reikhoogte en springhoogte word bereken en aangeteken (Hayward, 2002). Met die evaluering van die horisontale sprong neem die proefpersoon stelling in op 'n reguit lyn met voete skouerbreedte uitmekaar. Die proefpersoon spring dan so ver moontlik vorentoe van albei voete af. Proefpersone word aangemoedig om hul arms te swaai en knieë te buig ter voorbereiding vir die sprong. Die afstand (in cm) word bepaal van die punt af waar gespring is tot by die hak (nadat die sprong uitgevoer is) (Hayward, 2002).

Die 7-Vlak maagkragtoets is gebruik ten einde die krag van die abdominalespier-groepe te bepaal. Sewe verskillende vlakke waarvan elke vlak progressief moeiliker word, is tydens hierdie analise gebruik (Ellis *et al.*, 2000).

Ten einde rugkrag te bepaal, is proefpersone op 'n platvorm geplaas met knieë ten volle geekstensieer en kop en bolyf reguit met 'n 90°-buiging by die heupe. 'n Band word dan aan 'n handvatsel vasgemaak wat gekoppel is aan dinamometer en bo-oor die bo-rug geposisioneer. Sonder om terug te leun word 'n opwaartse beweging dan uitgevoer deur van die rugspiere gebruik te maak. Twee probeerslae word toegelaat en die beste poging word in Nm (Newtonmeter) aangeteken (Hayward, 2002). Tydens die meting van beenkrag word proefpersone geposisioneer op 'n platvorm met rûe reguit en knieë 130°-140° gebuig. Die proefpersoon hou aan 'n handvatsel vas (wat gekoppel is aan 'n dinamometer) met 'n pronasie-greep bokant die dye deur die lengte van die ketting te verstel soos nodig vir elke individu. 'n Band word oor die heupe geposisioneer, en met die gebruik van die beenspiere pas die proefpersoon soveel krag as moontlik toe. Twee probeerslae met twee minute se rus tussen elkeen word toegelaat. Die maksimum waarde (in Nm) word genoteer (Hayward, 2002).

Greepkrag van die linker- en regterhand word deur middel van die dinamometer gemeet. Tydens die afneem van die toets is proefpersone gevra om regop te staan, met arms reguit langs die sye. 'n Drukaksie, van een maksimale kontraksie word vervolgens uitgevoer. Die beste probeerslag uit twee is in kg aangeteken (Morrow *et al*., 2005).

Opsitte en optrekke is gebruik om spieruithouvermoë van onderskeidelik die abdominale en arm- en skouergordelspiere te bereken. Opsitte is uitgevoer deur hande oor die bors te kruis. Die bene is 90° gebuig en voete is deur 'n helper vasgehou. Die maksimum aantal opsitte in twee minute uitgevoer, is aangeteken (Morrow *et al.*, 2005). Met die uitvoer van optrekke is 'n proefpersoon gevra om aan 'n horisontale stang te hang met arms en bene ten volle geekstensieer en voete wat nie aan die vloer raak nie. Met handpalms wat weg van die liggaam af wys en voete wat stil hang, trek die proefpersoon homself op totdat sy ken bo-oor die stang is en laat sak homself weer tot by die beginposisie. Hierdie beweging word gevolglik herhaal totdat die proefpersoon uitgeput is, en die totaal word dan aangeteken (Morrow *et al*., 2005).

Spoed is op onderskeidelik 10 m en 40 m getoets. Tydens hierdie meting is spoedmonitors op onderskeidelik 10 m en 40 m opgestel. Die proefpersoon neem 'n gereedposisie agter 'n gemerkte lyn in en op "gaan" nael die proefpersoon so vinnig as moontlik verby die opgestelde spoedliggies. Die afstandbeheerder registreer vervolgens die tyd op 10 m en 40 m en die tye (in sekondes) word genoteer (Ellis *et al*., 2000).

Ratsheid is volgens die Illinois ratsheidstoets bepaal. Die toets is op 'n rugbyveld opgestel, word uitgevoer met 'n rugbybal waarvan albei hande ten tye van die toets op die bal moes gewees het, en tyd word in sekondes aangeteken.

Anaërobiese uithouvermoë is ontleed deurdat die proefpersoon so vinnig as moontlik (binne een minuut) te hardloop in 'n 20 m afgemerkte area. Die maksimum kere wat volledig voltooi is, word aangeteken. Die bleep-toets is gebruik as 'n indirekte aanduider van aërobiese uithouvermoë.

Twee rugbyvaardigheidstoetse is ook geëvalueer. Uitgee vir akkuraatheid (links en regs) is gedoen deur 'n proefpersoon wat posisie agter 'n lyn (± 3 meter) van 'n teiken (ronde ring) af inneem (Pienaar *et al*., 1998). Die deursnee van die ring is 50 cm en is gemonteer op 'n staander wat 50 cm van die grond af is. Die teiken is 4 m weg, en die proefpersoon kry

vervolgens 10 kanse om na elke kant die bal deur die teiken te probeer aangee. Skop vir afstand is gebruik om die verste afstand wat 'n proefpersoon (in meter) kan skop te bepaal. Proefpersone het posisie ingeneem voor 'n reguit lyn (± 2 meter) vanaf 'n skoplyn. Die proefpersoon moet dan poog om die bal so ver as moontlik te skop. Die afstand van die afskoplyn af tot waar die bal eerste die grond tref, word aangeteken. Drie probeerslae is toegelaat, en slegs die beste afstand is aangeteken (Pienaar *et al*., 1998).

Statistiese verwerking

Die STATISTICA program (StatSoft, 2006) vir Windows is gebruik vir die statistiese analise van die data. Eerstens is daar van beskrywende statistiek gebruik gemaak en is die minimum en maksimum waardes, standaardafwykings en gemiddeldes gerapporteer. Vervolgens is daar van die herhaalde metings oor tyd analise en van tweerigting variansie-analise gebruik gemaak om statistiese en praktiese betekenisvolle verskille rakende die motoriese en fisieke vermoëns asook rugbyvaardighede van elke groep afsonderlik, asook tussen die groepe oor die drie jaar heen te bepaal. Daar is vervolgens ook vir ras en vir spelposisie in die analise gekorrigeer ten einde die moontlike rol van die veranderlikes in die resultate te bepaal. Die resultate van die een laat ontwikkelaar is as 'n gevallestudie in die artikel hanteer.

RESULTATE

Tabel 1 bied 'n beskrywing van die spelers se ras en spelposisies, soos geklassifiseer op 15.6-jarige ouderdom (2003) as vroeë (n=4), gemiddelde- (n=13) en laat ontwikkelaars (n=1).

TABEL 1. **BESKRYWENDE INLIGTING VAN SPELERPOSISIES EN RAS SOOS IN DRIE RYPINGSGROEPE VERDEEL**

	Vroeë ontwikkelaars	**Gemiddelde-ontwikkelaars**	**Laat ontwikkelaars**
	N	**N**	**n**
Aantal spelers in verskillende groepe	4	13	1
Wit	2	6	1
Bruin	1	1	-
Swart	1	6	-
Vastevoorspelers	2	2	-
Losvoorspelers	-	4	-
Agterspelers	2	7	1

Die vroeë ontwikkelaarsgroep het twee vastevoorspelers en twee agterspelers ingesluit, terwyl die gemiddelde ontwikkelaars vier vastevoorspelers, twee losvoorspelers en sewe agterlynspelers in die groep opgelewer het. Die enigste laat ontwikkelaar in die groep was 'n agterlynspeler. As die groep ten opsigte van ras ontleed word, blyk dit dat daar in die groep vroeë ontwikkelaars twee wit spelers, een bruin en een swart speler is, die gemiddelde ontwikkelaarsgroep uit ses wit, een bruin en ses swart spelers bestaan het, terwyl die laat ontwikkelaar 'n wit speler was. Die vastevoorspelergroep het uit twee wit en twee swart

spelers bestaan, die losvoorspelergroep uit drie wit spelers en een swart speler, terwyl die agterlynspelergroep uit vier wit, vier swart en twee bruin spelers bestaan het

TABEL 2. **BESKRYWENDE STATISTIEK VAN CHRONOLOGIESE EN BIOLOGIESE OUDERDOM VAN DIE SPELERS VAN 2003 TOT 2005**

		2003 (A)				2004 (B)				2005 (C)			
VERANDERLIKES	**G**	**X**	**SA**	**MIN**	**MK**	**X**	**SA**	**MIN**	**MK**	**X**	**SA**	**MIN**	**MK**
CO	1	15.8	0.60	15.1	16.4	16.8	0.60	16.1	17.4	17.8	0.6	17.1	18.4
	2	16.3	0.27	15.8	16.7	17.3	0.27	16.8	17.7	18.3	0.27	17.7	18.7
	3	15.10		15.10	15.1	16.10		16.10	16.10	17.1		17.10	17.1
BO	1	17.4	0.75	16.5	18.0	17.5	0.71	16.5	18	18.2	0.24	18.0	18.5
	2	16.8	0.32	16	17	17.2	0.33	16.5	17.6	18.2	0.20	18.0	18.5
	3	14		14	14	16.5		16.5	16.5	17.5		17.5	17.5
Verskil BO_CO:VO	1	1.6	0.25	1.4	1.10	0.9	0.41	0.0	1.4	0.6	0.81	-0.4	1.5
Verskil BO-CO:GO	2	0.5	0.32	-0.2	1.0	-0.1	0.33	-0.7	0.5	-0.1	0.20	-0.7	0.5
Verskil BO-CO:LO	3	-1.10		-1.10	-1.10	-0.5		-0.5	-0.5	-0.5		-0.5	-0.5

G = groep, 1 = vroeë ontwikkelaar; 2 = laat ontwikkelaars; CO = chronologiese ouderdom; BO = biologiese ouderdom.

Vroeë ontwikkelaars (Groep 1) se biologiese ouderdom het ’n toename van 0.1 maande van 2003 tot 2004 (jaar 1– jaar 2), en 0.9 maande van 2004 tot 2005 (jaar 2– jaar 3) getoon (Tabel 2). Gemiddelde ontwikkelaars (Groep 2) het 0.6 maande (2003-2004) en 12 maande (2004-2005) onderskeidelik gegroei met betrekking tot biologiese ouderdom, en hierdie toenames oor die driejaartydperk was betekenisvol. Die Laat ontwikkelaar het 2.5 jaar ouer geword met betrekking tot skeletouderdom van 2003 tot 2004, met ’n verandering van een jaar van 2004 tot 2005. Oor die algemeen blyk dit gevolglik dat die laat ontwikkelaar in hierdie drie jaar die meeste gegroei het met betrekking tot skeletouderdom (42 maande), gevolg deur die GO- (18 maande) en VO-spelers (10 maande). Alhoewel hierdie LO steeds ’n laer skeletouderdom as die GO en VO in 2005 toon, blyk die verskil kleiner te geword het namate die speler gegroei het. Tabel 2 toon ook dat die VO in 2005 (laaste jaar van meting) ’n hoër skeletouderdom as chronologiese ouderdom toon, terwyl die GO se skeletouderdom een maand en die LO vyf maande onder die chronologiese ouderdom is.

Tabel 3 toon die beskrywende inligting van die fisieke en motoriese vermoëns en Tabel 4 van die rugbyvaardighede van die spelers in die verskillende ontwikkelingsgroepe oor ’n driejaartydperk aan, asook of daar verskille tussen die groepe was in elke jaar maar ook binne elke groep oor die tydperk van drie jaar. Biologiese ouderdom het in 2003 betekenisvol

verskil ($p<0.05$), alhoewel die verskille nie in die tabel aangedui word nie. Geen betekenisvolle verskille is tussen die GO- en VO-groepe in elk van die drie jaar van meting gevind met betrekking tot fisieke en motoriese vermoëns en rugbyvaardighede nie. Daar het egter wel prakties betekenisvolle veranderinge oor die driejaartydperk binne die verskillende rypingsgroepe voorgekom. Aangesien die studie slegs een laat ontwikkelaar (LO) opgelewer het, kan laat ontwikkelaars nie as 'n groep in die studie ontleed word nie, maar is dit belangrik geag om ook die waardes wat hierdie speler behaal het, in die verskillende motoriese en fisieke vermoëns te rapporteer en die speler soos in 'n gevallestudie te bestudeer ten einde 'n duideliker beeld van groeitendense wat by laat ontwikkelaars mag voorkom, te kan uitlig.

Slegs drie vermoëns het prakties betekenisvolle binngegroepverbeteringe van 2003 tot 2005 getoon, naamlik hampese-soepelheid (L) en twee eksplosiewekrag-waardes. Hampese-soepelheid (L) het slegs by die GO-groep vanaf 2003 tot 2005 betekenisvol verbeter. Eksplosiewe beenkrag, soos gemeet in vertikale en horisontale spronge, was die enigste ander vermoëns wat by die VO sowel as die GO betekenisvol van 2003 tot 2005 verbeter het, alhoewel die verskille tussen die VO en die GO nie in enige van die drie metingsjare betekenisvol was nie. Ander kragvermoëns wat oor die tydperk van drie jaar toenames getoon het, was been- en rugkrag, alhoewel hierdie toenames nie betekenisvol was nie en gevolglik as tendense beoordeel moet word. Skop vir afstand het ook oor die tydperk in al die groepe verbeter, alhoewel ook nie betekenisvol nie. Die verbetering wat in beenkrag waargeneem kan word, kon dalk bygedra het tot die verbetering in eksplosiewe beenkrag en skopafstand wat by die groepe gevind is. Die bleep-vlakke (wat 'n indirekte bepaling van aërobiese vermoëns is) het ook toegeneem in albei groepe oor die tydperk van drie jaar, alhoewel ook nie betekenisvol nie.

Verbetering by die laat ontwikkelaar was soortgelyk aan dié van die VO- en GO-groepe in hierdie tydperk in die meeste vermoëns. Die laat ontwikkelaar se rug- en beenkragwaardes asook sy aërobiese kapasiteit het egter veral verbetering getoon en was ook heelwat hoër as dié van VO- en GO-spelers in 2005. Hierdie verskille kon egter nie vir betekenisvolheid ontleed word nie, omdat daar slegs een laat ontwikkelaar in die groep was. Daar het ook tendense na vore gekom waarby sekere kragtoetse 'n afnemende tendens oor die tydperk van drie jaar by die spelers getoon het soos maagspierkrag en opsitte. Dit kan wees dat die spelers nie maksimale pogings aangewend het toe hierdie toetse uitgevoer is nie, veral as minimum en maksimum waardes in hierdie toetse in 2005 met dié tydens 2003 vergelyk word. In terme van die rugbyvaardighede blyk dit of daar nie werklik enige tendense voorgekom het binne groepe of tussen groepe nie. Die LO toon egter weereens beter resultate in veral skop vir afstand en uitgee vir akkuraatheid.

TABEL 3. **BESKRYWENDE STATISTIEK ASOOK STATISTIESE BETEKENISVOLLE VERSKILLE VAN FISIEKE VERMOË VIR VROEË, GEMIDDELDE- EN LAAT ONTWIKKELAARS VAN 2003 TOT 2005**

		2003 (A)				2004 (B				2005 (C)				
VERANDER GLIKES		**X**	**SD**	**MIN**	**MK**	**X**	**SD**	**MIN**	**MK**	**X**	**SD**	**MIN**	**MK**	**Prakties betekenisvol-heid**
	1	74.5	4.04	71.0	80.0	81.5	2.38	79.0	84.0	78.8	14.4	58.0	91.0	
Str leg hamst	2	76.7	13.17	43.0	95.0	81.0	16.3	50.0	102	80.7	11.68	59.0	101.0	A-C*
(L) (°)	3	80.0		80.0	80.0	89.0		89.0	89.0	99.0		99.0	99.0	
	1	74.8	8.38	67.0	86.0	75.0	8.12	65.0	83.0	76.8	13.0	65.0	92.0	
Str leg hamst	2	76.4	14.99	41.0	96.0	80.0	18.0	37	97	82.5	13.43	53.0	105.0	
(R) (°)	3	85.0		85.0	85.0	95.0		95.0	95.0	89.0		89.0	89.0	
	1	46.0	4.55	40.0	50.0	44.5	3.70	39.0	47.0	53.3	4.8	48.0	59.0	B-C*
Vertikale	2	46.7	7.73	34.0	60.0	50	5.1	40	58	52.5	7.17	42.0	65.0	A-C*
sprong (m)	3	40.0		40.0	40.0	59.0		59.0	59.0	43.0		43.0	43.0	
	1	208.0	10.13	195.0	217.0	243.8	6.24	240.0	253.0	243	10.7	232	257.0	A-B*, A-C*
Horisontale	2	221.3	23.48	166.0	258.0	243	24.0	200	280	248	19.97	214	281.0	A-B*, A-C*
sprong (m)	3	207.0		207.0	207.0	240.0		240.0	240.0	249		249	249.0	
	1	4.5	2.08	2.0	7.0	4.8	2.06	2.0	7.0	4.0	2.2	2.0	7.0	
7 vlak	2	4.9	1.80	2.0	7.0	4	2.0	2	7	4.8	1.91	2.0	7.0	
maagkrag (vlak)	3	7.0		7.0	7.0	6.0		6.0	6.0	6.0		6.0	6.0	
	1	127.9	28.94	100.0	168.5	127.4	40.48	67.0	153.5	140.9	41.4	98.5	191.5	
Rugkrag (Nm)	2	133.8	42.42	59.0	190.5	120	54.7	50	235	123.2	54.79	51.0	193.0	
	3	131.0		131.0	131.0	211.5		211.5	211.5	203.5		203.5	203.5	
	1	213.8	62.69	142.5	291.5	195.8	41.0	160.0	237.0	230.0	68.2	153.5	319.5	
Beenkrag (Nm)	2	234.3	71.16	135.0	319.0	223	69.1	122	319	250.1	72.97	126.3	321.5	
	3	231.5		231.5	231.5	235.5		235.5	235.5	318.5		318.5	318.5	
	1	52.9	7.47	43.0	60.0	44.3	13.24	30.0	56.5	49.0	7.6	43.1	59.6	
Handgreep (L)	2	49.7	8.61	38.0	66.0	47.3	10.8	35	58	49.1	9.68	37.4	61.8	A-B*, B-C*
(Nm)	3	53.0		53.0	53.0	60.0		60.0	60.0	65.2		65.2	65.2	
	1	55.3	10.72	41.0	67.0	47.5	11.87	36.0	61.5	53.6	9.2	44.9	62.1	
Handgreep (R)	2	52.8	10.63	35.0	73.0	47	11.2	29	64	51.3	9.53	37.0	69.4	A-B*
(Nm)	3	60.0		60.0	60.0	59.0		59.0	59.0	61.1		61.1	61.1	
	1	58.0	14.72	43.0	78.0	47.8	4.57	43.0	53.0	51.0	12.7	38.0	68.0	
Opsitte (aantal)	2	62.5	15.57	44.0	105.0	59	13.0	42	86	58.8	16.26	38.0	91.0	
	3	62.0		62.0	62.0	71.0		71.0	71.0	60.0		60.0	60.0	
	1	8.0	3.37	6.0	13.0	8.3	4.79	4.0	15.0	7.0	3.6	4.0	11.0	
Optrekke	2	8.9	4.42	3.0	18.0	13	5.1	2	20	9.5	4.94	1.0	17.0	A-B*, B-C*
(aantal)	3	10.0		10.0	10.0	10.0		10.0	10.0	11.0		11.0	11.0	
	1	1.9	0.13	1.8	2.1	1.8	0.09	1.8	2.0	1.9	0.0	1.8	1.9	
10m spoed (m)	2	1.9	0.08	1.7	2.0	2	0.1	2	2	1.8	0.07	1.8	2.0	
	3	1.9		1.9	1.9	1.9		1.9	1.9	1.9		1.9	1.9	
	1	5.8	0.24	5.5	6.0	5.6	0.23	5.5	5.9	5.5	0.1	5.3	5.7	
40m spoed (m)	2	5.7	0.25	5.3	6.1	6	0.2	5	6	5.6	0.26	5.2	6.2	
	3	5.7		5.7	5.7	5.6		5.6	5.6	5.6		5.6	5.6	
	1	18.7	0.39	18.2	19.1	18.9	0.69	18.3	19.5	18.4	0.7	17.5	19.3	
Ratsheid (sek)	2	18.3	0.72	17.4	19.5	18	0.8	17	20	18.4	0.77	16.9	19.8	
	3	17.9		17.9	17.9	18.3		18.3	18.3	17.5		17.5	17.5	
	1	12.3	0.50	12.0	13.0	12.3	0.50	12.0	13.0	12.9	0.9	12.0	14.0	
Uithouvermoë	2	12.7	0.69	11.5	14.0	12	0.9	11	14	12.3	0.67	11.0	13.5	
(20 m)	3	11.0		11.0	11.0	12.0		12.0	12.0	13.0		13.0	13.0	

		2003 (A)				2004 (B				2005 (C)				
VERANDER GLIKES	**G**	**X**	**SD**	**MIN**	**MK**	**X**	**SD**	**MIN**	**MK**	**X**	**SD**	**MIN**	**MK**	**Prakties betekenisvol-heid**
	1	8.8	2.19	6.1	11.0	9.4	2.22	7.1	12.0	9.8	2.5	6.2	12.0	
Bleep (vlak)	2	9.2	2.65	6.0	13.1	10	1.8	7	12	9.6	1.92	7.1	12.6	
	3	8.1		8.1	8.1	12.1		12.1	12.1	13.1		13.1	13.1	

G= groep, 1 = vroeë ontwikkleaar; 2= gemiddelde -ontwikkelaars; 3= laat ontwikkelaar;
°= grade; L= Links; R= Regs; m= meter; Nm= Newton; x= gemiddeld

TABEL 4. **BESKRYWENDE STATISTIEK ASOOK STATISTIES BETEKENSIVOLLE VERSKILLE VAN MOTORIE VERMOËNS ASOOK RUGBYVAARDIGHEDE VAN VROEË, GEMIDDELDE- EN LAAT ONTWIKKELAARS VANAF 2003 TOT 2005**

		2003				2004				2005				
VERANDER- LIKES	**G**	**X**	**SD**	**MIN**	**MK**	**X**	**SD**	**MIN**	**MK**	**X**	**SD**	**MIN**	**MK**	**Prakties Betekenisvol-heid**
	1	2.0	0.82	1.0	3.0	2.0	0.0	2.0	2.0	2.3	1.9	1.0	5.0	
Uitgee akkur	2	2.1	1.19	0.0	4.0	3	1.0	1	4	2.2	1.59	0.0	5.0	
(L) (aantal)	3	6.0		6.0	6.0	2.0		2.0	2.0	1.0		1.0	1.0	
	1	2.0	1.15	1.0	3.0	2.8	1.50	1.0	4.0	2.5	1.3	1.0	4.0	
Uitgee akkur	2	2.4	1.19	0.0	4.0	3	1.0	1	5	2.5	1.51	0.0	5.0	
(R) (aantal)	3	3.0		3.0	3.0	1.0		1.0	1.0	3.0		3.0	3.0	
	1	39.4	4.76	32.6	43.3	41.5	5.89	36.2	47.7	42.1	5.6	38.6	50.5	
Skop v afstand	2	41.7	5.89	32.2	51.2	43	6.7	29	53	43.4	8.52	31.6	59.4	
(m)	3	47.7		47.7	47.7	47.3		47.3	47.3	51.8		51.8	51.8	

G= groep; 1 = vroeë ontwikkelaar; 2= gemiddelde ontwikkelaars; 3= laat ontwikkelaar;
L= Links; R= Regs; m = meter

'n Verdere analise is gedoen waarin daar vir ras (waar alle wit spelers (VO en GO) met bruin en swart spelers en wit en bruin spelers gesamentlik met swart spelers vergelyk is) asook vir spelposisie vir alle veranderlikes gekompenseer is (Tabel 5 en 6). Hieruit blyk dit dat hierdie aspekte (ras en spelposisie) wel 'n invloed op die gemiddelde waardes van sommige van die veranderlikes (veral met betrekking tot krag) uitgeoefen het. Die laat ontwikkelaar is vir die doel uit hierdie analise weggelaat.

Die gekorrigeerde waardes met betrekking tot ras (Tabel 5) dui daarop dat wit spelers in 2005 statisties betekenisvol beter gevaar het in die vertikale sprong. In 2003, 2004 en 2005 toon wit spelers ook deurgaans beter waardes as bruin en swart spelers vir beenkrag en handgreepkrag en in opsitte in 2003. Wit en bruin spelers saam toon in 2004 en 2005 verder ook statisties betekenisvol beter waardes vir rugkrag as swart spelers. Uit die resultate van beenkrag in 2004 blyk dit dat die bruin spelers grotendeels 'n negatiewe invloed op resultate gehad het, terwyl swart spelers weer 'n negatiewe invloed op die beenkrag se resultate in 2005 gehad het.

TABEL 5. **STATISTIES BETEKENISVOLLE VERSKILLE TUSSEN GEMIDDELDE WAARDES VAN FISIEKE EN MOTORIESE VERMOËNS TUSSEN WIT, BRUIN EN SWART SPELERS**

Komponent	**p-waarde**	**Wit X**	**Bruin X**	**Swart x**
Vertikale sprong (2005)	0.0250*	56.38	49.44	
Rugkrag (2004)	0.0005*	151.65		79.86
Rugkrag (2005)	0.0062*	154.15		84.07
Beenkrag (2003)	0.0425*	263.75	199	
Beenkrag (2004)	0.0004*	266.31	172.22	
Beenkrag (2005)	0.0009*	298.13	198.47	
Beenkrag (2004)	0.0243*	175.86		244.95
Beenkrag (2005)	0.0057*	283.65		187.82
Handgreep L (2003)	0.0076*	55.69	45.78	
Handgreep L (2004)	0.0001*	53.56	35.17	
Handgreep L (2005)	0.0001*	57.50	41.63	
Opsitte (2003)	0.0307*	70.13	53.78	

x = gemiddeld; * = betekenisvolle verskille, $p<0.05$

TABEL 6. **STATISTIES BETEKENISVOLLE VERSKILLE VAN FISIEKE EN MOTORIESE VERMOËNS TUSSEN LOSVOORSPELERS, AGTERLYNSPELERS, VASTEVOORSPELERS**

Komponent	**p-waarde**	**Losvoor-spelers X**	**Agterlyn-spelers X**	**Vastevoor-spelers x**
Beenkrag (2004)	0.0094*	262.63	202.31	
Beenkrag (2005)	0.0056*	301.38	228.13	
Spoeduithouvermoë (2004)	0.0488*	11.88	12.46	

x = gemiddeld; * = betekenisvolle binnegroepverskille, $p<0.05$

Wanneer daar vir spelerposisie gekorrigeer is (Tabel 6), toon losvoorspelers (2004, 2005) statisties betekenisvol hoër waardes in beenkrag as agterlyn- en vastevoorspelers, terwyl die agterlynspelers en vastevoorspelers gesamentlik statisties betekenisvol beter gevaar het in spoeduithouvermoë as losvoorspelers.

BESPREKING VAN RESULTATE

Hierdie navorsing het ten doel gehad om potensiële rugbyspelers tussen 15 en 18 jaar wat in verskillende rypingkategorieë geklassifiseer is, te ontleed met betrekking tot verskille en ontwikkeling in fisieke en motoriese vermoëns asook rugbyvaardighede oor ŉ driejaartydperk en verskille wat gevind is in verband te bring met rugbyprestasie. Die eintlike vergelyking wat gedoen wou word was om verskille tussen vroeë en laat ontwikkelaars te ontleed, maar die aard van die steekproef, wat ’n beskikbaarheidsteekproef was en uit ’n vooraf geselekteerde ontwikkelingsgroep bestaan het, het slegs een laat ontwikkelaar opgelewer. Dit

het dit onmoontlik gemaak om ’n realistiese vergelyking van sodanige verskille te kon maak. Die laat ontwikkelaar was op 15.8-jarige ouderdom 1.10 jaar jonger as sy skeletale ouderdom, vergeleke met die vroeë ontwikkelaars wat 1.6 jaar ouer as hulle skeletale ouderdom was en wat tot ’n verskil van amper vier jaar tussen die groepe se skeletale ouderdom bygedra het. Alhoewel die LO in sommige van die komponente (regter hampese soepelheid, 7-vlak maagkrag, rugkrag, beenkrag, linker en regter beenkrag, opsitte, optrekke, ratsheid en aërobiese uithouvermoë, skop vir afstand, uitgee vir akkuraatheid) tydens enkele van die toetsgeleenthede beter gemiddelde waardes as die VO en GO behaal het, was die speler nie beter in die meeste komponente toe die maksimum waardes van die ander twee groepe daarmee vergelyk is nie. Die speler het wel die hoogste waardes op 17.8 jarige ouderdom behaal in aërobiese uithouvermoë (bleep), rugkrag en linkerhandgreepkrag verkry waaruit tendense van verskille tussen die een laat ontwikkelaar en die ander twee rypingsgroepe se ontwikkeling in aspekte soos dinamiese en eksplosiewe krag en aërobiese vermoëns afgelei kan word. Die speler se skeletale ouderdom was ook steeds laer as sy chronologiese ouderdom op 17.8-jarige ouderdom, vergeleke met vroeë en gemiddelde ontwikkelaars waar skeletale ouderdom groter was. Beide hierdie bevindinge dui daarop dat die later ontwikkelaar verdere ontwikkeling na skool kan ondergaan, wat tot voordeel vir sy rugbydeelname kan strek. Hierdie resultate word ook bevestig deur die longitudinale studie van Beunen *et al.* (2009) wat aandui dat laat ontwikkelaars beter spierfunksie soos gemeet deur handgreepkrag en eksplosiewe krag as ander rypingsgroepe vanaf 13 jaar tot in hulle laat dertigjare toon. Verdere navorsing word gevolglik aanbeveel om die ontwikkeling van laat ontwikkelaars in meer diepte, maar ook oor ’n langer tydperk, van groei en ontwikkeling te ondersoek, aangesien hierdie eienskappe veral belangrik is vir rugbyprestasie.

Vroeë en gemiddelde ontwikkelaars is gevolglik in hierdie studie met mekaar vergelyk terwyl die een laat ontwikkelaar slegs vir beskrywende doeleindes in die vergelyking betrek kon word. Oor die driejaartydperk is slegs prakties betekenisvolle verskille tussen chronologiese en biologiese ouderdom van vroeë en gemiddelde ontwikkelaars gevind wat op groot verskille in skeletale ouderdom tussen hierdie groepe dui veral op 16-jarige ouderdom (1.1 jaar in 2003, 0.8 maande in 2004 en 0.6 maande in 2005). Hierdie resultate toon dat die verskille tussen vroeë ontwikkelaars en gemiddelde ontwikkelaars met verdere toename in ouderdom krimp en dat die gemiddelde ontwikkelaar teen ’n effens vinniger tempo as vroeë ontwikkelaars groei. Hierdie bevinding kom ooreen met resultate wat rapporteer dat seuns wat vroeë ontwikkelaars is, op ’n vroeër ouderdom stadiger begin groei as seuns wat later deur hul rypheidstadium vorder (Malina *et al.*, 2004). Die resultate het nie werklik enige spesifieke tendense by enige van die twee groepe (VO en GO) in motoriese en fisieke vermoëns uitgewys wat aan rypingsverskille toegeskryf kan word nie. Baie min veranderlikes het ook betekenisvol oor die tydperk van drie jaar heen verbeter. Eksplosiewe krag (vertikale en horisontale sprong) het by gemiddelde en vroeë ontwikkelaars betekenisvol verbeter, asook linkerhampese-soepelheid by GO, alhoewel die toenames nie tot betekenisvolle verskille tussen GO en VO gelei het nie. Dit wil dus voorkom of die fisieke en motoriese vermoëns en rugbyvaardighede van GO en VO nie werklik in hierdie tydperk van groei verskil het wat verdere ontwikkeling betref nie. Hierdie bevinding is nie ongewoon as die klein verkille tussen die vroeë en gemiddelde ontwikkelaars se skeletale ouderdom veral tydens die tweede en derde jaar van die studie in ag geneem word nie. Wat ook in ag geneem moet word, is dat navorsingsbevindinge wat verskille tussen rypingsgroepe uitwys gewoonlik uitgevoer is waar vroeë en laat ontwikkelaars vergelyk is (Docherty, 1996; Malina *et al*., 2004), terwyl hierdie

